# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

## KUNS

**SG**

Eerste Vraestel : Kunsgeskiedenis

**601-2/1 A**

KUNS SG: Vraestel 1

601 2 1A SG

6 bladsye

X05

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**KUNS SG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

**AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) **[45]**

**AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) **[45]**

**AFDELING C** – Kunswaardering en -kritiek **[10]**

Beantwoord 5 vrae soos volg:

- In Afdeling A: Vaag 1 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of 3.
- In Afdeling B: Vraag 4 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of 6.
- Afdeling C is verpligtend.
- Lees die vraestel deur voordat jy met die eksamen begin.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Gebruik die puntetoekenning as 'n aanduiding van die lengte en omvang van elke antwoord.
- Antwoorde in die vorm van lysies sal nie punte verdien nie. Skryf in vol- en samehangende sinne.
- Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.
- Trek 'n lyn aan die einde van elke vraag en laat 'n reël oop tussen onderafdelings.

---

**TEMA:**

**Styl** kan in kuns gedefinieer word as 'n **houding** of 'n **filosofie** wat visueel weergee word. Byvoorbeeld, antieke Egiptiese simbole weerspieël die streng sosiale bestel wat die werkers van die farao's geskei het. Dit kan gesien word in die manier waarop die simbole volgens 'n streng patroon geposisioneer is. Ander kunsvorms en kunstenaars het spesifieke kleurkombinasies, tegnieke en onderwerpe gekies om hulle gelowe en/of filosofieë uit te beeld.

Hierdie vraestel vereis dat jy die verhouding ondersoek tussen 'n kunstenaar se styl en sy/haar wêreldbeskouing.

## AFDELING A
## INTERNASIONALE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

**Vraag 1 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of 3.**

### VRAAG 1

Kies TWEE twintigste-eeuse internasionale skilderkunsbewegings. Ten minste een moet van ná die Tweede Wêreldoorlog wees.

1.1 Noem elke beweging. (2)

1.2 Noem EEN kunstenaar van elke beweging. (2)

1.3 Gee die titel van EEN werk van elke kunstenaar. (2)

1.4 Verduidelik die invloede op die styl van elke kunstenaar. (4)

1.5 Bespreek die verskille in die persepsie van die werklikheid van elke kunstenaar (bv. temas). (5)

1.6 Beskryf die kunswerke wat jy genoem het. (10)
**[25]**

**EN**

### VRAAG 2

***Met die verloop van tyd kan 'n kunstenaar se styl ontwikkel en verander.***

2.1 Noem TWEE internasionale kunstenaars wat in drie dimensies werk. (2)

2.2 Noem TWEE werke deur elke kunstenaar. 2x2=(4)

2.3 Bespreek hoe die styl en die betekenis in die werk van elke kunstenaar met die verloop van tyd ontwikkel en verander het. 2x7=(14)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 3**

***Die styl van 'n woning verskil van dié van 'n openbare gebou.***

3.1 Noem EEN twintigste-eeuse argitek. (1)

3.2 Noem die beweging of styl waaraan die argitek behoort het. (1)

3.3 Noem TWEE geboue deur hierdie argitek : een **woning** en een **openbare** gebou. (2)

3.4 Beskryf die styl en voorkoms van elk van hierdie geboue. 2x3=(6)

3.5 Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen hierdie twee geboue. (10)
**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [45]**

## AFDELING B
## SUID-AFRIKAANSE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

**Vraag 4 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of 6.**

**VRAAG 4**

***Suid-Afrikaanse kuns het oor die afgelope dekades deur baie veranderinge gegaan. Ons het veranderinge in inhoud en styl gesien.***

4.1 Noem EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse skilder wie se werk met verloop van tyd verander het. (1)

4.2 Noem TWEE skilderye deur hierdie kunstenaar. (2)

4.3 Beskryf die inhoud en styl van EEN van die skilderye wat in Vraag 4.2 genoem is. (4)

4.4 Bespreek die veranderinge en verskille wat ons in die styl van die twee werke sien. (3)

4.5 Noem TWEE kontemporêre beeldhouers of kunstenaars wat in drie dimensies werk en wie se werke met verloop van tyd verander het. (2)

4.6 Noem EEN werk deur elke kunstenaar. (2)

4.7 Beskryf EEN van die werke wat in Vraag 4.6 genoem is. (4)

4.8 Watter stylverskille kan ons in hierdie twee werke sien? (2)
**[20]**

**EN**

## VRAAG 5

***Die styl van 'n gebou of toegepaste kunswerk moet aanpas by sy funksie.***

5.1 5.1.1 Noem TWEE kontemporêre argitekte of argiteksfirmas. (2)

5.1.2 Noem TWEE geboue wat deur hierdie argitekte of argiteksfirmas ontwerp is, wat in Vraag 5.1.1 genoem is. 2x2=(4)

5.1.3 Noem materiale en boutegnieke wat in die geboue wat in Vraag 5.1.2 genoem is, gebruik is. 2x4=(8)

5.1.4 Bespreek of die geboue na jou mening by hul omgewing pas. Gee redes vir jou antwoord. 2x3=(6)
**[20]**

5.2 5.2.1 Noem EEN Suid-Afrikaanse toegepaste kuns-kunstenaar / toegepaste kuns-agentskap / kunsvlytpersoon. (1)

5.2.2 Noem EEN voorbeeld van 'n werk wat deur hierdie toegepaste kuns-kunstenaar / toegepaste kuns-agentskap / kunsvlytpersoon geproduseer is. (1)

5.2.3 Watter aspekte van hierdie werk se styl maak dit aantreklik vir die publiek? (3)
**[5]**

**OF**

## VRAAG 6

***Die materiale en tegnieke wat 'n kunstenaar / toegepaste kuns-kunstenaar gebruik, affekteer die styl en voorkoms van die kunswerke wat hy/sy skep.***

6.1 6.1.1 Noem EEN kontemporêre drukkuns-kunstenaar. (1)

6.1.2 Noem die tegniek wat hierdie drukkuns-kunstenaar die meeste gebruik. (1)

6.1.3 Verduidelik hoe die tegniek die styl van die werk beïnvloed. (5)

6.1.4 Noem EEN kontemporêre tekenaar. (1)

6.1.5 Beskryf die tegnieke en materiale wat hierdie tekenaar gebruik. (5)

6.1.6 Noem en beskryf EEN van die werke deur óf die drukkuns-kunstenaar óf die tekenaar wat jy genoem het. (7)
**[20]**

6.2 6.2.1 Noem EEN Suid Afrikaanse toegepaste kuns-kunstenaar / toegepaste kuns-agentskap / kunsvlytpersoon. (1)

6.2.2 Noem EEN voorbeeld van 'n werk wat deur hierdie toegepaste kuns-kunstenaar / toegepaste kuns-agentskap / kunsvlytpersoon geproduseer is. (1)

6.2.3 Watter aspekte van hierdie werk se styl maak dit aantreklik vir die publiek? (3)
**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [45]**

## AFDELING C
## KUNSWAARDERING EN -KRITIEK

### VRAAG 7
### VERPLIGTEND

Verduidelik enige VYF van die volgende stylvorme. Verwys na 'n voorbeeld van 'n kunswerk deur 'n spesifieke kunstenaar wat van hierdie styl gebruik gemaak het.

7.1 Niefiguurlike kuns
7.2 Figuurlike kuns
7.3 Illusionistiese kuns
7.4 Formalistiese kuns
7.5 Ekspressionistiese kuns
7.6 Skilderagtige kuns ('painterly art')
7.7 Linieêre kuns
7.8 Minimalistiese kuns 5x2=**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [10]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**